

10

Jesus gee vir ons tekens Doop en Nagmaal

ONS DOELWIT

Die jongmense moet weet dat brood, wyn en water by die sakramente simbole is vir Jesus se liggaam en bloed.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die jongmense moet weet –

- Nagmaal en doop is die twee sakramente wat Jesus ingestel het;
- dat die gebruik van die sakramente 'n opdrag van Jesus is;
- dat wyn, brood en water tekens is van Jesus se liggaam en bloed;
- die sakramente herinner ons aan Jesus se lyding, dood, opstanding en vergifnis;
- die sakramente bevestig dat ons van sonde en dood verlos is; en
- Nagmaal laat ons hoop dat Jesus weer kom.

Gesindheid

Die jongmense moet –

- bly wees dat Jesus ons sigbaar en tasbaar herinner aan ons verlossing;
- dankbaar wees dat Jesus ons sonde vergewe en ons verlos van die dood;
- bly wees dat die sakramente hulle verseker dat hulle aan God behoort;
- bereid wees om soos verlose mense te gaan lewe; en
- glo dat Jesus se wederkoms waar is.

Vaardigheid

Die jongmense moet –

- dit wat die sakramente simboliseer, gaan uitleef.

EK BREI MY EIE KENNIS UIT

Ons beleef dikwels aanslae teen ons geloof wat ons kan laat twyfel. Daarom is dit nodig dat ons geloof op die een of ander manier versterk moet word. Ons sê mos: *Sien is glo*.

Ons leer Jesus veral ken in die eerste vier boeke van die Nuwe Testament. Deur dit wat Jesus daar sê en doen, leer ons dat die Vader Hom gestuur het om ons van ons sondes te verlos. Jesus leer ons nie net met woorde dat ons verlos is nie, Hy gebruik ook tekens of simbole om ons geloof in Hom te versterk. Hierdie tekens of simbole noem ons sakramente. Ons Kerk het net twee sakramente, naamlik die doop en die Nagmaal. Ons Kerk onderhou net hierdie twee sakramente omdat ons op grond van die Bybel glo dat dit al is wat deur die Here Jesus ingestel is. Wat is die doel van sakramente? Ons hoor nie net van ons verlossing nie; sakramente laat ons met ons oë, hande en monde sien en voel en proe dat ons verlos is.

By die doop is water die teken vir Jesus se bloed. Die simboliek van die water is dat net soos ons water gebruik om ons skoon te was van onsuiverhede, so het Jesus ons, toe sy bloed aan die kruis gevloei het, *skoon gewas* van al ons sondes.

By die Nagmaal is gebreekte brood en geskinkte wyn tekens vir Jesus se liggaam en bloed. Die brood wat gebreek en aangegee word, is 'n teken van Jesus se liggaam wat verniel, geslaan, gekruisig is, en vir ons gegee of geoffer is. Die wyn wat geskink word, is die teken van Jesus se bloed wat uitgegooi is, gevloei het om ons te verlos. Jesus se liggaam en bloed, sy lewe, word geoffer sodat ons lewens gespaar kan bly.

In Matteus 26: 26-30 lees ons onder andere (ook in Markus 14: 22-26, Lukas 22: 15-20 en 1 Korintiërs 11: 23-25) hoe Jesus die Nagmaal ingestel het. Hy het sy volgelinge ook beveel om gereeld Nagmaal te gebruik, sodat hulle altyd aan Hom kan dink en hul geloof versterk kan word. Deur brood en wyn te gebruik, verduidelik Jesus dat ons deur sy liggaam en bloed verlos word van ons sondes. Die tekens van die sakramente verlos jou nie. Jesus verlos jou, en nie die sakramente nie. Die brood en wyn is maar net *simbole* of *tekens* van die liggaam en bloed van Jesus, tekens wat heenwys na dit wat Jesus vir ons gedoen het. Dit bevestig net op 'n sigbare en tasbare wyse dit wat Jesus gedoen het. Ons word deur die lewe en sterwe van Jesus gered van ons sonde en verseker dat Hy weer kom. Die sakramente is maar net simbole daarvan.

In Matteus 28: 16-20 kry die volgelinge van Jesus *opdrag* om mense te doop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Deur die doop verseker Jesus ons dat Hy ons verlos het. Met die teken van die water verseker Jesus ons weer eens op 'n sigbare wyse dat Hy ons sondes *afgewas* het. Nou skei ons sonde ons nie meer van God nie. Ons behoort nou weer aan Hom. Op 'n sigbare wyse word dus bevestig wat ook met woorde gesê word: *...deur Jesus se dood en opstanding is ons verlos van ons sonde en is ons weer vir ewig by God.*

(Gaan kyk gerus ook na die handleidings vir graad 7, Lesse 10 en 11, en graad 9, Lesse 2 en 3).

EK SPRING SELF AAN DIE WERK

Ek het nodig

- 'n Heel stuk van enige brood.
- 'n Bietjie druiwesap in 'n bottel.
- Enige tipe beker.
- 'n Afskrif vir elke kind van die wisselformulier vir die bediening van die doop.

- 'n Afskrif vir elkeen van die wisselformulier vir die bediening van die Nagmaal. (Jy kan albei formuliere aflaai by www.nhka.org by *Liturgie* en dan *Formuliere*. As jy 'n Diensboek het, kan jy dit daar ook kry.)
- 'n Bybel.


KOM ONS BEGIN

- Lees saam uit Matteus 26: 26-30.
- Lees saam uit Matteus 28: 16-20.
- Doen 'n gebed.

IN DIE GROEPBYEENKOMS

WAT KAN HULLE VAN VERLEDE WEEK ONTHOU EN WAT HET HULLE GEDOEN?

- Laat 'n paar van hulle lees watter verskillende tipes gawes hulle in die blokke neergeskryf het.



- Kontroleer of hulle by www.nhka.org na meer inligting oor die tema gaan soek het.
- Kontroleer of hulle 1 Korintiërs 12: 31 – 13: 2 gaan lees en die vraag beantwoord het:

Watter gawe is die beste, die allerbeste, waarsonder alle ander gawes jou niks baat nie? (*Liefde.*)

- Kontroleer of hulle hierdie teks gaan leer het.

Al het ek die gawe van profesie en ken ek al die geheimenisse en besit ek al die kennis, en al het ek al die geloof om berge te versit, maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks. (1 Korintiërs 13: 2)

VANDAG GAAN ONS DIE VOLGENDE ONS EIE MAAK

BEGIN SO

- Vind uit of almal van hulle al 'n doop- en Nagmaalgeleentheid bygewoon het.
- Vra die volgende vrae:
 - Hoe oud was die persone wat by daardie geleentheid gedoop is? (*Sommige kan sê dit was babas, ander kan sê dit was jongmense of selfs bejaarde mense.*)

- Wie het hulle laat doop? (*By die babas was dit hul ouers of dalk ander volwassenes onder wie se sorg die baba is. By volwassenes laat die volwassene hom- of haarself doop.*)
- Wie het die doop bedien? (*'n Predikant. In ons Kerk word net predikante toegelaat om mense te doop.*)
- Wie weet waarmee mense gedoop word? (*Met water.*)
- Wie weet waarmee Nagmaal gevier word? (*Brood en wyn.*)

WAAROP VAL DIE KLEM VANDAG?

Gebruik EK BREI MY EIE KENNIS UIT hierbo en doen saam met hulle die volgende Bybelstudies:

Matteus 26: 26-30

- Lees die gedeelte aan hulle voor.
- Lê daarna klem op die volgende skuinsgedrukte woorde terwyl die brood en “wyn” op die gepaste tyd uitgedeel word.
 - Terwyl Jesus en sy dissipels die *paasmaaltyd* geëet het, het Hy die nagmaal ingestel.
 - Met paasfees het die Jode hul *verlossing* uit Egipte herdenk.
 - Jesus het die brood *gebreek* en hulle het almal saam daarvan geëet.
 - Jesus het toe die *gebreekte brood* uitgedeel en gesê: “Neem, eet; dit is my *liggaam*.” (Breek die brood, gee vir elkeen 'n stukkie en laat hulle dit eet.)
 - Toe het Hy die beker waarin wyn *uitgegooi* word vir elkeen aangestuur om van te drink. (Gooi druiwesap in die beker en stuur dit vir elkeen aan om van te drink.)
 - Jesus het gesê: “Drink almal daaruit, want dit is my *bloed* ... tot vergewing van sondes”.

Matteus 28: 16-20

- Lees die gedeelte aan hulle voor.
- Lê daarna klem op die volgende skuinsgedrukte woorde.
 - In Matteus 28: 16-20 kry die volgelinge van Jesus *opdrag* om mense te doop.
 - Jesus kon die *opdrag* gee, want Hy het *al die mag* in die hemel en op die aarde.
 - Jesus het sy dissipels die hele wêreld in *na alle mense* toe gestuur.
 - Nadat die dissipels vir mense *gepreek* het, het dié wat *geglo* het, ook *dissipels* van Jesus geword.
 - Dié wat *geglo* het, is dan *gedoop* in die Naam van die *Vader, die Seun en die Heilige Gees*.
 - In die Bybel se tyd is mense op drie maniere gedoop:
 - Onderdompeling: Hulle is onder die water ingedruk en uitgehaal (soos in die charismatiese kerke).
 - Besprinkeling: Water is op hulle gesprinkel (soos in ons Kerk).
 - Begieting: Water is uit 'n houër oor hulle uitgegooi. (Dit word deesdae nie eintlik meer gedoen nie.)
 - Die water by die doop is *die simbool* of *teken* dat Jesus ons sondes *afgewas* het.
 - Omdat die water net 'n *teken* is, maak die *hoeveelheid* water wat gebruik word nie saak nie – dit moet net *heenwys* na die bloed van Jesus.
 - Deur die doop verseker Jesus ons op 'n sigbare wyse dat Hy ons verlos het – *sien is glo*.

- Ons sonde is weggewas en nou hou niks ons meer weg van God af nie.
- Op 'n sigbare wyse word dus bevestig wat ook met woorde gesê word: ...deur Jesus se dood en opstanding is ons verlos van ons sonde en is ons weer vir ewig by God.

ONS BESPREEK EN SKERP IN WAT ONS VANDAG GELEER HET

- Skerp die volgende weer in deur vrae te vrae en kwessies te bespreek.
- Laat hulle die regte antwoorde in hul boeke inskryf.
 - Wie het watter sakramente ingestel? (*Jesus het die Nagmaal en die doop ingestel.*)
 - Hoe dink jy, waarom het Jesus sakramente ingestel? (*Daar gebeur dinge in ons lewe wat ons in God kan laat twyfel. Daarom wil Jesus op 'n sigbare manier ons geloof versterk. Sien is glo.*)
 - Leer Jesus ons net met woorde dat ons verlos is? (*Nee, Hy gebruik ook tekens of simbole, dit is sakramente, om ons geloof in Hom te versterk, en te bevestig dat Hy sy lewe vir ons gegee het.*)
 - Is daar meer as twee sakramente? (*Nee, Jesus het net twee ingestel. Die Rooms-Katolieke Kerk het sewe sakramente. Vyf daarvan het Jesus nie ingestel nie, maar het hulle self uitgedink.*)
 - Wat is die doel van sakramente? (*Ons hoor nie net van ons verlossing nie; sakramente laat ons met ons oë, hande en monde sien en voel en proe dat ons verlos is.*)
 - Wat is die teken of die simbool by die doop? (*By die doop is water die teken vir Jesus se bloed.*)
 - Wat is die simboliek van die water? (*Net soos ons water gebruik om ons skoon te was van onsuiverhede, so het Jesus, toe sy bloed aan die kruis gevloei het, ons skoon gewas van al ons sondes.*)
 - Wat is die tekens of simbole by die Nagmaal? (*Gebreekte brood en uitgegooide wyn is tekens vir Jesus se liggaam en bloed.*)
 - Wat simboliseer die brood en wyn? (*Die brood wat gebreek en aangegee word, is 'n teken van Jesus se liggaam wat gebreek, verniel, geslaan, gekruisig is, en vir ons gegee of geoffer is. Die wyn wat uitgegooi word, is die teken van Jesus se bloed wat uitgegooi is, gevloei het om ons te verlos. Jesus se liggaam en bloed, sy lewe, word geoffer sodat ons lewens gespaar kan bly.*)
 - Waarom is dit belangrik dat ons die sakramente gebruik? (*Dit is 'n opdrag van die Here Jesus. Kinders van die Here is gehoorsaam aan hul Heer, daarom gebruik ons Nagmaal en laat ons die doop bedien.*)
 - Is dit noodsaaklik dat ons die sakramente gebruik, met ander woorde, moet die sakramente jou verlos? (*Nee, die tekens van die sakramente verlos jou nie. Jesus verlos jou en nie die sakramente nie. Die brood en wyn en water is maar net simbole of tekens van die liggaam en bloed van Jesus, tekens wat net op 'n sigbare en tasbare wyse bevestig wat Jesus gedoen het.*)

IETS OM IN DIE KLAS TE DOEN

- Deel in groepe.
- Laat hulle as groep –
 - die ontbrekende woorde in hul boeke invul; en
 - die woorde wat hulle ingevul het, in die woordkaart omkring.
- Beweeg tussen die groepe en gee hulp totdat hulle alles voltooi het.
 - Die Nagmaal en doop is deur **Jesus** ingestel.

- o Daar gebeur dinge in ons lewe wat ons in God kan laat twyfel. Daarom wil Jesus op 'n **sigbare** manier ons geloof versterk. **Sien** is glo.
- o Jesus leer ons nie net met woorde dat Hy ons verlos het nie, Hy gebruik ook **tekens** of **simbole**, dit is sakramente, om ons geloof in Hom te versterk, en te bevestig dat Hy sy lewe vir ons gegee het.
- o Jesus het net twee **sakramente** ingestel. Die Rooms-Katolieke Kerk het **sewe** sakramente. Vyf daarvan het Jesus nie ingestel nie, maar het hulle self **uitgedink**.
- o Die doel van sakramente is nie net om ons te laat hoor van ons verlossing nie; sakramente laat ons met ons **oë**, hande en **monde** sien en **voel** en proe dat ons verlos is.
- o By die doop is **water** die teken vir Jesus se bloed.
- o Net soos ons water gebruik om ons skoon te **was** van onsuiverhede, so het Jesus, toe sy **bloed** aan die kruis gevloei het, ons skoon gewas van al ons **sondes**.
- o By die Nagmaal is gebreekte **brood** en uitgegooide **wyn** tekens vir Jesus se **liggaam** en **bloed**.
- o Die brood wat **gebreek** en aangegee word, is 'n **teken** van Jesus se liggaam wat gebreek, verniel, geslaan, gekruisig is, en vir ons gegee of geoffer is. Die wyn wat **uitgegooi** word, is die teken van Jesus se bloed wat uitgegooi is, gevloei het om ons te **verlos**. Jesus se liggaam en bloed, sy lewe, word geoffer sodat ons lewens **gespaar** kan bly.
- o Om die sakramente te gebruik, is 'n **opdrag** van die Here Jesus. Kinders van die Here is **gehoorsaam** aan hul Heer, daarom gebruik ons Nagmaal en laat ons die doop bedien.
- o Sakramente is nie **noodsaaklik** vir ons verlossing nie. Sakramente is net tekens dat **Jesus** ons verlos het. Die sakramente self verlos jou nie. Jesus verlos jou, en nie die sakramente nie. Die brood en wyn en water is maar net simbole of tekens van die liggaam en bloed van Jesus, tekens wat net op 'n sigbare en tasbare wyse **bevestig** wat Jesus gedoen het.

A	G	D	B	H	C	D	D	I	E	T	F	J	G	T	H
I	E	O	J	V	E	R	L	O	S	K	E	L	F	E	N
M	U	O	N	O	P	D	R	A	G	O	D	K	P	K	O
Q	I	R	L	R	S	C	S	E	W	E	T	B	E	E	O
U	T	B	V	X	W	Y	X	Z	A	Y	A	R	Z	N	D
B	G	A	W	B	V	C	U	D	S	E	A	F	S	G	S
E	E	U	S	Ë	H	T	S	I	M	B	O	L	E	I	A
V	D	I	O	J	P	K	J	L	G	M	O	N	R	L	A
E	I	T	N	O	Q	P	E	I	Q	N	R	M	S	I	K
S	N	G	D	T	J	E	S	U	S	U	K	V	L	G	L
T	K	E	E	W	H	X	U	Y	I	I	Z	J	A	G	I
I	B	G	S	C	G	D	S	W	A	T	E	R	E	A	K
G	F	O	G	C	H	D	I	E	J	W	Y	N	K	A	F
L	B	O	M	O	N	D	E	M	B	L	O	E	D	M	A
N	T	I	O	U	P	V	Q	W	R	X	S	Y	T	Z	U
V	O	W	P	S	A	K	R	A	M	E	N	T	E	X	S
Y	G	E	H	O	O	R	S	A	A	M	Z	Q	A	R	B
C	N	D	M	V	O	E	L	E	L	F	K	G	J	H	I
I	E	J	G	E	S	P	A	A	R	K	F	L	G	M	H
N	G	E	B	R	E	E	K	O	D	P	C	Q	B	R	A

HIERDIE WEEK IN HUL WÊRELD

RADIKALE DISSIPELSKAP

- Laat hulle by www.nhka.org gaan kyk vir meer inligting oor hierdie tema.
- Laat hulle gaan kyk of hulle iewers 'n definisie van ons Kerk (Protestantse kerke) vir sakramente kan kry. Hulle kan in 'n *verklarende woordeboek en op ons Kerk se webblad gaan kyk by www.nhka.org, onder **Heidelbergse Kategismus, Sondag 25, vraag en antwoord 66.

*Heilige, sigbare teken en seël deur God ingestel ten einde aan die mens sy belofte van vergewing van sondes te waarborg en hom dit beter te laat verstaan en sy geloof te voed en te onderhou; genademiddel. Daar is twee sakramente: die doop en die Nagmaal.

**Dit is sigbare, heilige tekens en seëls wat God ingestel het om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie nog beter te laat verstaan en dit te beseël. Hierdie belofte is dat God ons vanweë die enige offer van Christus, wat aan die kruis volbring is, vergewing van die sondes en die ewige lewe uit genade skenk.

- Laat hulle in hul eie woorde gaan neerskryf wat 'n sakrament is. (*Baie antwoorde is moontlik. Die volgende vat die meeste feite saam: Jesus gebruik drie algemene **sigbare** en **tasbare gebruiksartikels** en **sonder dit af** met 'n dieper betekenis. **Water** waarmee ons ons skoon **was**, simboliseer dat ons **sonde afgewas is**. **Brood** wat ons eet om ons te **voed**, word gebreek en simboliseer dat **Jesus se liggaam gebreek** is om ons te **voed vir die ewige lewe**. **Wyn** waarmee ons ons **dors les**, simboliseer **Jesus se bloed** wat gevloei het om ons bloed, ons **lewe te red** van die dood en ons te **voed vir die ewige lewe**.)*
- Deel die afskifte van die wisselformulier van die doop en die Nagmaal uit aan elkeen.
- Laat hulle die twee formuliere met hul ouers gaan bespreek en neerskryf –
 - watter waarde dit het om as gesin saam Nagmaal by te woon en te gebruik; en
 - wat dit vir elkeen van hulle beteken om gedoop te wees.

HULLE KRY HULSELF PARAAT

Laat hulle die volgende gaan leer:

- Die doop is deur Jesus ingestel.
- Die Kerk kry opdrag om mense te doop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.
- By die doop gebruik ons water as teken dat ons deur Jesus van ons sonde gereinig is.
- Die doop bevestig aan ons dat ons deel het aan God se genade en verlossing in Christus.
- Die Nagmaal is deur Jesus ingestel.
- Jesus het brood en wyn as tekens gebruik om te sê dat ons deur sy liggaam en bloed verlos is.
- Die tekens van wyn en brood wil ons sigbaar en tasbaar verseker dat ons deur Jesus se sterwe en opstanding gered is.
- Deur Nagmaal te gebruik, word ons geloof versterk dat Jesus in ons plek sy lewe gegee het as offer vir ons sonde.

BELANGRIK

- Die jongmense moet seker maak dat hulle met elke aanbieding hul Bybels saambring.
- Kyk vandag reeds wat jy vir die volgende aanbieding nodig het en wat jy moet voorberei.

AFSLUITING

Sluit af met 'n gebed.